BYBEL-MEDIA

Jou 2015-Bedieningsvennoot

Nuusbrief 9/2015

Lees in die Kerkbode van 22 Mei:

Hier lééf ons Belhar

Die NG Kerk in Wes- en-Suid-Kaapland het homself opnuut daartoe verbind om die Belydenis van Belhar deel van hulle belydenisgrondslag te maak. Maar, sê ds Nelis Janse van Rensburg, moderator van die sinode, hulle glo nie net wat die belydenis sê nie, hulle leef dit uit.

Lig vir die stad se donker hoekies

Die historiese Tweetoringkerk in Bloemfontein is nou die setel van ***Torings van Hoop,*** 'n middestadbediening wat sy lig laat skyn in die verskillende vorms van donkerte in verskeie mense se lewe.

Lees ook:

- Ná kanker wil hulle ander help
- Prieska se pelgrims deel pyn en vreugde
- Cordis Trust-pryswenners

Lees in die Junie-uitgawe van LiG:

Ons gesels met Bobby, Jay en Joe oor die hart van 'n pa. **Johan van Lill en Lizelle de Bruin** vertel van hulle omgee sonder grense. Ons maak 'n draai by 'n besonderse **klei-projek in Macassar** en gesels met ouers wie se kind op die **outisme-spektrum** is.

LiG gee wenke vir **goeie maniere** in jou kind, hoe om die **entrepreneur** in hom wakker te maak en wys kordate **kosblik-idees** waarmee die kinders self kan help.

Vir getroudes gee ons raad vir 'n **Hooglied-huwelik** en vir diegene **anderkant aftrede** gee ons wenke vir oudword met grasie.

Nuutste Bybelkor-publikasies - vir kleiner kinders!

Dié produkte is ontwikkel saam met Kleuterzone en ook te sien op TV - slegs beskikbaar by Bybel-Media.

Kleuterpret (4 – 7jr)

My Bybelmense-inkleurboek is 'n prettige manier om kleuters en kinders aan 49 belangrike mense in die Bybel bekend te stel. Sonder dat hulle dit besef, leer ken hulle die name en identiteit van Bybelmense wat 'n belangrike rol in die Christelike geloof speel. Hierdie inkleurboek kan as 'n interaktiewe Kinderbybel of (vir ouer kinders) as 'n selfleesboek gebruik word.

Prys: **R150.00** (BTW en posgeld ingesluit).

BYBEL-MEDIA

Jou 2015-Bedieningsvennoot



Kinderpret (4 – 7jr)

Hierdie *speelleer-aktiwiteitsboek* bevat 50 selfdoen-aktiwiteite oor belangrike tekste in die Ou Testament van die Bybel. Deur hierdie aktiwiteite ontdek kinders op 'n prettige manier die 50 belangrikste verhale in die Ou Testament. Die aktiwiteite sluit in ontdek-die-verskille, inkleurprente, vind-die-paadjie en kleur-volgens-die-nommers-in.

Prys: **R150.00** (BTW en posgeld ingesluit).

Kleuterpret Snap-kaarte (7 – 12jr)

Kleuterpret Snap-kaarte is 'n prettige manier om deur spel vir kleuters en kinders aan 49 belangrike mense in die Bybel bekend te spel. Die pak kaarte bestaan uit 48 Bybelmense en Jesus. Die kaarte is spesiaal gemaak om **snap** daarmee te kan speel. Hulle is van 0 tot 12 genommer. Die spelreëls en 'n kaart met die Ons Vader en ons Geloofsbelydenis is by die pak kaarte ingesluit.

Prys: **R120.00** (BTW en posgeld ingesluit).

Al drie bogenoemde produkte is reeds beskikbaar - bestel dadelik.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: **bestel@bmedia.co.za**
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: **www.bybelmedia.org.za**, klik dan op Winkel.

Groete vanuit Wellington.

Hans Steyn
Bybel-Media
E-pos: **hans@bmedia.co.za**
Tel: 021 864 8223